# SAVF Tzaneen Kleuterskool

SAVF TZANEEN KLEUTERSKOOL

# ASJASSIE NUUS

Maart 2026

## Wat het alles die afgelope tyd by die skool gebeur?

- Ons het baie nuwe maatjies by die skool verwelkom. Almal het baie mooi aangepas en is gelukkig.
- Ons het algemene oueraand gehou en ouers kon hul nuwe onderwyseresse ontmoet.
- Met Valentynsdag het almal pragtig gelyk in pienk, rooi en wit. Ouers is bederf met ‘n lekker sjokolade. Elke maatjie het sy/haar eie kolwyntjie versier met rooi versiersuiker.
- Ons Sportaand was ‘n prettige geleentheid. Die kleuters het elke aktiwiteit terdeë geniet en ouers het saam gespeel. Die platresies is met entoesiasme aangepak en maatjies het mooi gehardloop (party met meer sukses as ander). Die ouer-aflos het gesorg vir baie opwinding. Geen spiere is geskeur nie, en ons dank aan almal wat gehelp het om van die aand ‘n groot lekkerte te maak.
- Die Oggendmark was weereens ‘n groot sukses. Die mooi bedrag van R 20 720 is ingesamel. Baie dankie aan elke ouer wat bygedra het, hetsy deur produkte aan te dra, kontant te gee of geld te spandeer. Julle is voorwaar staatmakers!
- Ouers het mooi ondersteun met die verkoop van pienk strikkies vir Kankerdag.
- Menseregtedag is op ‘n unieke wyse gevier: elke kleuter het sy/haar eie fiets of skopfiets skool toe gebring en almal het ‘n geleentheid gekry om op die fietsiebaan te ry met hul eie fiets. Wat ‘n voorreg om gesond en sterk te wees en op so ‘n pragtige speelterrein te kan ontwikkel.
- Daar is baie lekker gespeel by die skool en daardeur is baie geleer. Motoriese vaardighede is ontwikkel en emosionele groei het plaasgevind.
- Assessering is gedoen en rapporte geskryf. Word voor die vakansie uitgedeel.
- Intussen het Monkeynastix die kleuters ook besig gehou, terwyl die groter kinders op rekenaars gewerk het saam met Stimuzone. Buitemuurse aktiwiteite het ingesluit playball, swem, ballet, dans, netbal, Witjassies en Zanis. En nou ook rugby, aangebied deur die Blou Bulle RSD.

- Die Ouerkomitee is besig om te beplan aan ’n Rolbalaand op 16 Oktober. Hou ons sosiale media dop. Behalwe dat dit ’n feestelike aand gaan wees, is dit ook ’n baie goeie fonds-insamelingsgeleentheid.
- Natuurlik het ons die kruisiging en opstanding van Jesus gevier. Die hele week is die verhaal behandel en aktiwiteite is gedoen. Vrydag het ons na ’n mooi video oor Paasfees gekyk en weer verduidelik waaroor dit gaan. Elke klas het agterna die geleentheid gekry om Paaseiers te gaan soek. Wat ’n heerlike soetigheid om die kwartaal mee af te sluit. Ons vra dat ouers asseblief die verhaal tuis sal herhaal. Onthou ook om hulle kerk toe te neem sodat hulle dit ook in die gemeenskap van gelowiges kan ervaar.
- Nou sien ons uit na ’n kort vakansietjie waar van die personeel ’n bietjie gaan rus terwyl die ander die fort hou.

## Waarna kan ons uitsien in die tweede kwartaal van 2026?

- Die skool se verjaarsdag
- Poppetee
- Brandweerdag
- Moeders- en Vadersdag
- Byedag
- ‘n Besoek van Omgee-vir-diere
- Optredes van ons trompoppies
- En vele meer ...

# Uit die hoof se kantoor



Baie dankie aan elke ouer vir die kwartaal wat verby is. Die jaar het so vinnig begin, baie nuwe dinge het gebeur, kleutertjies moes aanpas in nuwe klasse, ensovoorts. Alhoewel baie ouers swaar trek a.g.v. 'n finansiële las wat net al groter word, betaal ons ouers baie getrou skoolgeld en daarvoor sê ek baie, baie dankie, uit die diepte van my hart.
Daar was hierdie kwartaal mooi goed wat gebeur het, en 'n paar kleuters het nuwe boeties en sussies by gekry: Baie geluk! Die skool se getalle lyk nog nie so goed soos verlede jaar se afsluitding nie. Ons kry wel gereeld nuwe inskrywings, maar ons kort nog 'n paar maatjies om ons begroting heeltemal te laat klop. Ons ouers is nog steeds ons beste advertensie.
Hou asseblief altyd u whatsapp dop vir boodskappe van die skool. Ons probeer maar papier spaar.
Ek is steeds bekommerd oor so baie kleuters wat deesde aggressief optree, en het 'n bietjie navorsing gaan doen.

<u>Navorsing en wetenskaplike bevindinge oor aggressie, swak gedrag en lelike taal by jong kinders (veral seuns onder 7 jaar)</u>

**1. Wat sê navorsing oor aggressie in vroeë kinderjare?**

Normale ontwikkeling vs. probleemgedrag

Fisiese aggressie (soos slaan, stoot, byt) begin by kinders so jonk as rondom 12–24 maande en neem gewoonlik toe tot ongeveer 3–4 jaar oud voordat dit oor tyd afneem as kinders beter sosiale vaardighede leer. Dit is ook deel van normale ontwikkeling, maar hoë frekwensie of ernstige aggressie kan 'n aanduiding van probleme wees.

**2. Taalontwikkeling, selfregulering en aggressie**

Taalvaardigheid en aggressiewe gedrag

Navorsing toon dat kinders met swakker taalvaardighede meer geneig is tot fisiese en relatiewe aggressie, veral as hulle nie maklik mondeling kan kommunikeer wat hulle voel nie. Daar is bevind

dat daar 'n swak maar betekenisvolle verband is tussen fisiese aggressie en taalvaardigheid tussen 17 en 41 maande, hoewel die effek klein is.

Dit beteken in praktyk: Kinders wat nie maklik kan sê wat hulle voel nie, kan hul frustrasie met liggaamlike aksies of “slegte taal” uitdruk. Verbale vaardighede help kinders om konflik en emosies beter te hanteer.

**3. Waarom kom aggressie meer by seuns voor?**

*Rol van geslag: Sommige navorsing toon dat seuns in vroeë jare geneig is om hoër vlakke van fisiese aggressie te toon in vergelyking met dogtertjies.

*Biologiese neigings plus sosiale leer (soos manlike rolmodelle wat “sterk optree”) kan dit versterk.

*Beheer & ouers: 'n Studie by 7–10-jarige kinders wys dat seuns se aggressie sterk beïnvloed word deur ouers se opvoedingsvlak en die kind se vermoë om impulskontrole uit te oefen.

**4. Lelike taal en emosionele regulering**

Daar is nie baie studies wat net fokus op “lelike taal” by jong kinders nie, maar:

Kinders wat nie goed kan uitdruk wat hulle voel nie, gebruik makliker aggressiewe of “lelike” woorde om frustrasie uit te druk. Studies van gesigsherkenning in kinderpoësie en taal toon dat emosionele reaktiwiteit met ouderdom ontwikkel en jong kinders se taal dikwels meer intens en minder gereguleer is.

**5. Rol van omgewing en opvoeding**

- Omgewingsfaktore

Kinders wat aggressie tuis ervaar (bv. gesinskonflik, geweld, swak selfregulering by ouers/versorgers) het 'n hoër risiko om ook aggressiewe gedrag te wys, veral by seuns.

- Koesterende opvoeding

Warm, konsekwente ouerskap waarin emosies erken en gereguleer word, help kinders om minder aggressiewe gedragsuitlatings te hê en beter taal en emosiehantering te ontwikkel.

**6. Televisie en Rekenaarspeletjies**

Televisie en rekenaarspeletjies (veral skiet-/geweld-speletjies) kan 'n invloed hê op aggressie, frustrasie en gedrag by kinders — maar hoe sterk daardie invloed is, is nie eenvoudig nie en hang af van watter tipe inhoud, hoe lank kinders kyk/speel, sowel as ander faktore (soos ouerskap, temperament en omgewing). Hier is wat navorsing wys:

* Studies het getoon dat nie net blootstelling aan geweld in media nie, maar ook totale skermtyd, geassosieer kan word met hoër aggressiewe gedrag by kinders.

* Daar is gevind dat kinders wat minder televisie en videospeletjies gekyk het, op skool minder aggressie getoon het in vergelyking met kinders wat meer gekyk het. Daar is ook ‘n betekenisvolle

verband tussen blootstelling aan geweld op TV en aggressiewe gedagtes en gedrag oor die lang termyn.

* Vroeë blootstelling aan geweld op TV kan kinders beïnvloed om aggressiewe oplossings te gebruik aangesien hulle nog leer hoe om konflik op 'n gesonde manier op te los.

*Rekenaarspeletjies

Daar is bevind dat gewelddadige rekenaarspeletjies tipies geassosieer word met verhoogde aggressiewe gedrag, gedagtes en emosies, sowel as laer pro-sosiale gedrag.

*Jong kinders spesifiek

Daar is nog minder goeie data vir kinders onder 7 jaar as vir ouer kinders, maar navorsers gebruik dikwels resultate van ouer groepe om moontlike tendense af te lei — wat daarop dui dat jonger kinders meer vatbaar is vir navolging en nabootsing weens minder ontwikkelde emosieregulering.

*Positiewe media

Sommige navorsing stel ook voor dat beskermende, prososiale speletjies (bv. samewerking of probleemoplossing) kan help om aggressie en frustrasie te verminder.

**7. Praktiese take uit navorsing**

- Taalontwikkeling en emosie

Fokus op taalintervensies, bv. help kinders om emosies met woorde te benoem (soos "ek voel kwaad", "ek is gefrustreerd"), kan aggressie verminder.

- Selfregulering

Leer kinders maniere om te kalmeer, bv. diep asemhaling, "time-out/rus tyd", en rolspel van konflikhantering.

- Omgewing

Positiewe huisomgewings met konsekwente grense en liefdevolle begeleiding ondersteun beide taalontwikkeling en verminder aggressie.

**8. Hoe om riskofaktore te verminder**

Navorsing dui daarop dat ouers en versorgers 'n positiewe rol kan speel deur:

✓ Beperkte en geskikte media-inhoud (bv. geen hoë-geweld nie).

✓ Beperk skermtyd en moenie alleen laat kyk/speel nie.

✓ Kyk/speel saam en bespreek wat gesien word.

✓ Moedig konflikhantering en emosieregulering aan buite media.

# UIT DIE MOND VAN DIE SUIGELING



Logan (Beertjie): Hulle moet legkaarte bou. Logan sê “Nou moet my brein werk!”

Stian (Eendjie): Tannie Bianca vra vir hom of hy nie wil gaan piepie nie. Stian sê nee, hy is te jonk.

Mila-Marie (Eendjie): Doen nr 2 op die toilet. Sy sê, “Daar val die dr#lletjie!”.

Christiaan (Eendjie) sê vir Luvan hy praat bietjie nonsens.

Franco (Hasie) sê vir Isabella sy is ‘n baba. Sy skree nee, ek is ‘n mens.

Hasieklas besig om te eet. Daniël sê: “Jy kry wat jy kry by Pick n Pay.”

Marthinus (Hasie) vat ‘n klein houtblokkie en sê: “Juffrou, dit lyk soos ‘n apteek.”

Lente (Katjie): “Ek wens ek was ‘magical’ dan kan ek die maatjies laat ‘disappear’ dat ek en my boetie lekker saam kan toue swaai.”

Larike (Apie): “Ek dink ek gaan môre of Saterdag ‘n kopseer kry.”

Liané (Hasie): Juffou sê die muskiete het haar vreeslik gebyt, hulle was seker lekker dors. Waarop Liané antwoord “Dan moet hulle water drink, nie my bloed nie!”

Johan (Hasie): “Juffrou, het jy geweet ek het grootmens pap geëet?”

Zak (Hasie): “As ek groot is gaan ek rugby speel teen die Pumas.”

Mila-Marie (Eendjie): “Tannie Bianca, ek soek ‘n battery broodjie.” (peanut botter broodjie)

Björn (Hasie): Juffrou vra hoeveel oumas het die kinders. Björn antwoord met ‘n skewe gesig “Ek het nie ‘n ouma in my huis nie.”

Dian (Apie): “Tannie, ek sien iets dans by die klimraam!” (spinnerak)

Eldoné (Hasie): Die Hasies bou legkaart en sy sê “Juffrou, kyk ek het ‘n meelkampert. (kameelperd)

Dian (Apie): Die kinders raas. Dian sug en sê “Ai, dis ‘n probleem as hulle nie wil luister nie!”

Nathan (Eendjie): Die k@kedis is in sy huisie.” (akkedis)

Johannes (Hasie): “Joshua het breinvries.”

Hanna (Vissie): “Daar’s ‘n goggarot in die sand!” (kokkerot)

Ruvan (Apie): “ Juffrou, sy hande is vuil en hy vat aan my nuwe hare!” (*Hare is ge-jel)*

Zak (Hasie): “Juffrou, sy wou ‘n papcake gemaak het.” (pancake)

Lente (Katjie): “Die by het nie links of regs gekyk nie, hy het net geloop en toe trap ek op hom.”

Regard (Katjie): “Ek het ‘n koekhou geslaap.”

Daniël (Hasie): “Dogtertjies speel met dogtertjies en seuntjies met seuntjies.” Juffrou vra “Is die dogtertjies dan nie jou maatjies nie?” waarop Daniël antwoord “Dis my reëls.”

*Nou ja, daar het jy dit ...*

